***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

**Wat is 'n korrekte gebed? –** 4/2/59

**NO: 7274** Julle kan enigiets van My kry as julle op die **regte manier** daarvoor bid. **Julle mag nie eis nie,** maar 'n beroep op My doen met 'n nederige hart om hulp in aardse en in geestelike teëspoed.

**En julle moet glo** dat Ek julle sal help, omdat Ek julle liefhet. Daarom verwag Ek 'n ware gebed in **gees en waarheid**, sodat Ek dan in staat kan wees om julle te ondersteun volgens die mate van julle geloof.

Wat dit ookal mag wees, alles is moontlik vir My, selfs as julle mense nie dink dat dit moontlik is nie, maar My Krag is onbeperk en My Wysheid voorsien ook alles en kan altyd dienooreenkomstig werk vir die redding van julle siele.

En My Liefde sal dit ook verwesenlik, **want julle is tog My kinders,** vir wie Ek niks sal ontsê wat vir hulle voordelig sal wees nie. 'n Korrekte gebed is 'n gebed wat My oor sal bereik, omdat julle die moeite doen om My by julle aanwesig te laat wees, wanneer julle bewus raak van julle eie swakheid en My smeek om julle te voorsien van krag en hulp. So 'n gebed sal nie onverhoord bly nie, omdat dit **in diepste nederigheid** aan My gerig word.

Maar elkeen wat eis, bid nie korrek nie en eise word gemaak deur baie gebede wat **slegs deur die mond** geuiter word, omdat die mens veronderstel dat dit slegs die toespraak van 'n biddende persoon vereis om die seën van gebed te ontvang.

Nie die woorde nie, maar **die gevoel van die hart gee 'n gebed diepte en gees**. Dit is altyd die vertroulike verhouding met My wat die mens binnegaan wanneer hy op die regte manier bid. En sy gebed sal deur My beantwoord word.

Om hierdie rede is slegs 'n **paar woorde** voldoende om My oor te bereik en om deur My gehoor te word.

**Lang formele gebede is egter weersinwekkend vir My**, want die mens sal nie in staat wees om te bly konsentreer op sy woorde nie, slegs sy lippe spreek en die gebede sal nie na My deurkom nie, dit sal tevergeefs gespreek wees en sal slegs dien om die geloof van mense te verswak, aangesien Ek sulke dergelike gebede nie verhoor nie, daarom sal die geloof in 'n magtige, wyse en liefdevolle God ondermyn word, hulle geloof sal progressief meer verlore raak, want Ek verwag slegs **die innige verbintenis wat deur die hart gevestig moet word** en Ek sal dan ook My teenwoordigheid in die persoon waarborg, aan wie Ek Myself kan openbaar as 'n Vader aan My kind deur sy gebed te verhoor.

Leer om korrek te bid. Want wat julle tot dusvêr gebed genoem het, is geen ware gebed in gees en in waarheid nie.

Glo My dat Ek 'n kort diepe sug verkies bo gebede wat vir ure lank aanhou, wat waarskynlik op instruksie opgesê word en **nie uit die hart van die persoon ontspring nie.** Maar slegs 'n paar woorde is genoeg **wanneer die hart betrokke is** in wat die mond sê of wat die persoon geestelik beweeg.

Dan sal Ek My oor nie sluit nie, Ek sal help en doen wat die kind ookal van sy Vader versoek. Amein.